# LAERSKOOL
# HENDRIK LOUW

# BELEID:
# ENERGIEDRANKIES

**Beleid**

Laerskool Hendrik Louw streef na die allerbeste vir elke kind. Dit word gedoen deur 'n gebalanseerde, waardegedrewe leeromgewing te skep waarbinne opvoeders en ouers saamwerk om die volle potensiaal van elke kind te ontwikkel.

Dit kan slegs gedoen word indien alle leerders optimaal in die klas funksioneer. Dit is net moontlik deur te verseker dat leerders 'n gebalanseerde dieet volg.

Studies deur ScienceDaily – 2017, wys die volgende gevare met die gereelde gebruik van energie-drankies (Energade, Powerade, Monster, Red Bull, ens):

- Verhoogde bloeddruk
- Gesondheidsprobleme soos hart - en niersiektes
- Geestesgesondheidprobleme soos verhoogde angs en stres
- Verhoogde aggressie / uitdagende gedrag
- Geïnteresseerdheid in verslawende middels
- Verswakte mondhigiëne
- Moegheid
- Verhoogde irritasievlakke
- Maagkrampe
- Vetsug

Die studie kom tot die gevolgtrekking dat daar genoeg bewyse is dat die gebruik van energie-drankies meer negatiewe gevolge inhou as enige potensiële korttermynvoordele.

Laerskool Hendrik Louw het besluit om 'n verbod te plaas op die gebruik van energie-drankies gedurende skoolure. Indien ouers dit toelaat, word leerders toegelaat om hierdie drankies na skool, tydens sportbyeenkomste en/of wedstryde, matig te verbruik.

Serious health risks associated with energy drinks
ScienceDaily. ScienceDaily, 15 November 2017.
http://www.sciencedaily.com/releases/2017/11/171115124519.htm

Geteken te Laerskool Hendrik Louw, Strand op hierdie 23ste dag of Februarie 2026.

___________________________
Beheerliggaamvoorsitter

___________________________
Skoolhoof